

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (07/16)

Justin Chadwick 26 Februarie 2016

"I detest racialism, because I consider it as a barbaric thing, whether it comes from black person or a white person" Nelson Mandela

SITRUS PRODUSENTE ONDERSTEUN SIZA

Sitrusprodusente is die grootste ledetal van SIZA –25% van die 1 300 lede is sitrusprodusente. CGA lede wat die roadshows bygewoon het, het hul ondersteuning aan SIZA gegee. Die primêre doelwit van SIZA is om te verseker dat arbeid op vrugteplase in Suid-Afrika regverdig behandel word, met waardigheid en in ooreenkoms met arbeidswetgewing. Bykomend is 'n aantal hulpmiddels ontwikkel om produsente te ondersteun om hierdie toestande te verbeter. 'n Sekondêre doelwit is om een standaard te ontwikkel wat deur alle ontvangers erken word – om sodoende hoë kostes van verskeie oudits te voorkom. Soos met enige program het SIZA sy uitdagings gehad – maar onder die leiding van Retha Louw (nuut aangestelde SIZA Bestuurder) gaan SIZA van krag tot krag. Dit is ongelukkig dat swak diens deur diensteveskaffers veragting en probleme met die data platform veroorsaak het; dit is nou agter ons en lede word nou ondersteun om al die data na die nuwe platform oor te dra. Enige produsent wat meer van SIZA wil weet, kan vir Paul Hardman (ph@cga.co.za) of Retha Louw (retha@siza.co.za) kontak; of gaan loer by www.siza.co.za.

HEFFINGSHERNUWING ROADSHOWS

Die produsente roadshows teen die Ooskus en in die Onderberg het ons herinner aan die droogte in die land. As jy noord van Durban beweeg is die droë toestande duidelik sigbaar, veral in Noord-KZN en Swaziland. As dit nie in die volgende ses weke of so reën nie, staan die land 'n somber winter in die gesig.

Alle roadshows is goed bygewoon en daar was 100% ondersteuning vir die CGA Rade se nuwe heffingsvoorstel. Dankie aan die produsente in Nkwalini, Swaziland, Nelspruit en Malelane vir jul gasvryheid – aan die CGA se Streeks-Administrateur Nancy O'Farrell vir al die reëlins en wonderlike braaie; en aan Tim Wafer (Direkteur Nkwalini); Per Noddeboe (Direkteur Swaziland), Andrew Muller (Direkteur Nelspruit) en Cornel van der Merwe (Direkteur Onderberg) vir jul leierskap tydens die vergaderings.

Paul berig dat soortgelyke ondersteuning in die Wes- en Noord-Kaap ondervind is.

Volgende week gaan my span in die **Oos-Kaap se Midlands** (Katrivier Raadsaal) op Dinsdag 1 Maart vanaf 14:00 tot 17:00 wees; daarna gaan ons na die **Sondagsrivier** (Kirkwood Hoërskool Ondersteuningsklub) op Woensdag die 2de vanaf 14:00 tot 17:00; en ons maak klaar in **Patensie** (Ripple Hill Hotel) ook vanaf 14:00 tot 17:00 op Donderdag die 3de. Na die vergaderings sal daar 'n braai en drinkgoed wees.

Volgende week gaan Paul se span in **Limpoporivier/Zimbabwe** (Tshipise Forever Resort) vanaf 14:00 tot 17:00 op Maandag 29 Februarie wees; **Letsitele** (The Junction) op Dinsdag 1 Maart vanaf 14:00 tot 17:00; **Hoedspruit** op Woensdag die 2de (Hengelklub) vanaf 14:00 tot 17:00; voordat hul klaarmaak in **Senwes** (Max Mar Lodge) op Donderdag 3 Maart vanaf 14:00 tot 17:00. Die **KZN Midlands** se vergadering sal op 8 Maart wees vanaf 14:00 tot 17:00 by die Victoria Country Club.

Om uit te vind waar jou naaste plek is en om te RSVP vir spysenieringsdoeleindes kontak jou Streeksadministrateur of vir gloria@cga.co.za. As jy nie die vergadering in jou streek kan bywoon nie en jy wil graag meer uitvind omtrent die nuwe heffingsaansoek, kan jy jou Streeksdirekteur of vir justchad@iafrica.com kontak.

DOEN ASSEBLIEF MOEITE OM BY TE WOON SODAT JY JOU VERENIGING OOR DIE VOLGENDE 4 JAAR KAN LEI.

CGA VOORSITTER, ONDER-VOORSITTER EN UITVOERENDE KOMITEE IS HERKIES

By die CGA Raadsvergadering in Februarie is Pieter Nortje (Sondagsrivier) herkies aan die stuur as voorsitter van die CGA; Piet Smit (Citrusdal) gaan voort as Onder-voorsitter en George Hall (Boland), Fanie Meyer (Hoedspruit) en Ben Vorster (Letsitele) is behou as lede van die CGA se Uitvoerende Komitee.

SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE CGA GROEP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGACC, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY AND CITRUS ACADEMY)



justchad_cga